DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

5 Julie 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

## *Lees Openbaring 6: 1 – 8, en Sagaria 1: 7 - 17*

Geliefde broers en susters, in hoofstuk 5 lees ons van Jesus Christus wat die boekrol uit God se regterhand neem. Die boekrol bevat die Raadsplan tot by die Wederkoms. Wie is waardig? Die Verlosser Jesus Christus. Hy is die Leeu uit die stam van Juda, maar ook die Paaslam. Hy is die Almagtige uit die nageslag van Dawid wat Sy krag bewys, deur die versoening aan die kruis. Daarom sien Johannes 'n Lam. Hy is in die hemel, die oorwinnaar, Hy is nie in die graf nie. Hy alleen kan die Raadsplan van God ontvou. Hy is toegerus met die volheid van die Heilige Gees – 7 oë. Hy sien die geskiedenis van die kerk en daarmee saam die mensdom se uiteinde. Alles onder die hemel is deel van sy Koninkryk. Hy regeer tot Hy weer kom! Die 4 lewende wesens laat die feit deur die skepping weergalm.

Die eerste 4 seëls vorm 'n groep wat saam hoort. Die Here beskryf met die beeld wat op aarde gebeur tussen die uitstorting van die Heilige Gees en die weerkoms van Christus. Dit beskryf nie chronologiese volgorde nie. Die opening van elke seël begin 'n reeks gebeure van die eindtyd. Vir die wêreld is die gebeure verwoestend en vir die gelowige heiligend, opbouend en louterend. Uit die donderwoord van die 4 wesens kom daar perde te voorskyn. In die stadion van die wêreldgeskiedenis, storm hulle met trappende pote en skuimende bekke die toekoms in.

Die 1ste perd is wit en het 'n ruiter met 'n boog wat oorwin. Die boog was 'n wapen wat oor 'n afstand die teiken kon tref en 'n merk laat. Sommige verklaar die wit perd as die verleidingsmag van die wêreld. Alhoewel die duiwel en sy trawante groot welslae sal behaal deur hulle tipe evangelie, sal hulle nie die uiteindelike oorwinning behaal nie. Ons kies vir Christus wat die oorwinning behaal en alle mag reeds besit. Die wat die Woord van oorwinning hoor en ter harte neem, sal alleen salig wees – Openbaring 1: 3. Die oorwinning van Christus se woord wat die hartsteiken tref, sal ewig wees. Die oorwinning is sentraal in ons lewe. Wit is rein en heilig – so is elkeen wat gewas is in Christus se bloed.

Die 2de perd is vuurrooi en is die simbool van oorlog, wreedheid en hy gaan die vrede verwoes. Hy kom met die swaard van vervolging en twis. Hy het ‘n groot swaard en bring angs en leed. Hy is die teenpool van die swaard van die Gees wat uit Christus se mond uitgaan. Die rooi perd bring daagliks oorlog waarin huise, gesinne en ons samelewing skade aangedoen word. Die pandemie dra nog meer by om die oorlog ernstiger te maak Die finansiële probleme wat ons tans ondervind is dalk net die punt van die ysberg. Die geveg om die hart neem in intensiteit toe. Kyk na God vir versorging, nie jou eie planne nie. Die rooi perd is op spoed. Lees ook weer Matteus 24: 6 wat ons waarsku oor oorloë en die gerugte daarvan. Geweld neem toe.

Die staldeur bars nog ‘n keer oop en ‘n swart perd storm ons lewe in. Die keer het die ruiter ‘n skaal in die hand. Die skaal weeg af. Hy is op gallop en maak die gaping tussen ryk en arm, al hoe groter. Die swart perd van inflasie en devaluasie. Die armes word al armer. Swart is ook die kleur van rou, dood, honger, depressie en bekommernis. Die swart perd voer God se oordeel uit, maar soos Hy dit beplan. Ons bely in die HK vr 28 dat ons troosvol die toekoms kan ingaan, aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle hulle sonder God se wil nie kan roer of beweeg nie.

En die 4de perd volg logies op 2 en 3. Die groen-geel-vaal kleur simboliseer siekte en dood. Die Covid-pandemie is een van baie pandemies wat die wêreld al beleef het – die Swart plaag van die 14/15de eeu, Groot Griep van 1918 - 1920, Voëlgriep, MIV/Vigs en TB is maar van die plae. Gelowig en ongelowig ly saam onder die aanslag. Daar sterf letterlik honderde mense per dag aan kanker. God se Woord kom aan ‘n wêreld wat doof en blind geword het vir Sy genade en trou. Die gelowige sien uit na die God se vredestyd wat gaan aanbreek. Hierdie perde hardloop vir ‘n beperkte tyd. Moet julle daarom nie ontstel nie, wees gereed. My koms is naby.

Die Here se belofte aan die kerk is in Openbaring 3: 10: Ek sal julle vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld kom. Kyk net hoeveel mense se lewe word daagliks deur oorloë geraak, hoeveel onskuldige bloed word vergiet – diere sterf onnodig oor gierigheid en bygeloof.

Openbaring troos. God jaag die perde uit. Hy beheer en neem ons ook deur die huidige situasie. Lewe so naby die Here Jesus dat jy absoluut gereed vir Sy koms kan wees. Is jy werklik gereed? Die tyd vir bekering en geloof is ryper as ooit te vore. Die oes is gereed op die lande, want die mensdom sien net die hier en die nou. Wees Christus se getuie in woord en daad.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons dank die Here dat Marius Schutte mooi herstel na die ongeluk. Ons sien dat Veronica 'n goeie verpleegster is. Baie sterkte vir julle vorentoe.
* Ons bid die troos van die Heilige Gees vir Annetjie Venter wie se moeder die afgelope week oorlede is. Sterkte vir jou en Martin in die moeilike tyd.
* Covid 19 pandemie het 'n groot invloed op ons samelewing. Alles en almal word op een of ander manier geraak. Almal wat die afgelope 100 dae ingeperk is en nie kon uitgaan nie, beleef die effek  geestelik en liggaamlik. Ons bid vir julle.
* Hennie Oelofse het afgelope Woensdag sterk chemo behandeling gehad.Ons bid vir hom en Julie in die tyd.
* Ons bid dat alles goed sal verloop vir Marlene Hoogendyk wat vir 'n keiser op 8 Julie geboek is. Ons vra ons Vader se beskerming vir jou en Flippie.
* Ons bid dat ons troue Vader ons kinders, ouers en onderwysers sal vashou en koers laat hou in die toetsende tyd.
* Sterkte matrieks met die naderende rekordeksamen. Vasbyt
* Sterkte aan onderwysers wat 'n kort breek gekry het en nou moet aangaan met die 2de deel van die skooljaar. Ons bid vir julle.
* Ons wil graag weer in erediens bymekaar kom. Komende Sondag is daar 'n video waar ds Sarel 'n preek lewer en wat op die internet beskikbaar sal wees. Ons sal die skakel vir u aanstuur.
* Die afgelope week het die ouderlinge by die kerkgebou vergader (die ander vergaderings was op elektroniese media) om die moontlikheid van eredienste te bespreek. Die besluit was om nie in Julie erdienste te hou nie. Ons sal in die volgende week 'n sms uitstuur waarop u kan reageer op die video. Die klankgreep gaan in plek bly, solank die staat van inperking aanhou. Die video is bykomend vir diegene wat 'n meer volledige erediens verlang. Onthou dat die protokol ivm eredienste steeds in plek is. Dit klink al hoe meer of die staat van inperking kan terugskuif na vlak 4 of selfs vlak 5. Ons sal u deurlopend op hoogte hou ivm eredienste in ons kerkgebou. Ons wil langs die weg ons ouers opskerp oor hulle verantwoordelikheid aangaande katkisasie. Maak asb seker dat die kinders by die lesse in die boeke bly. Mag die Here ons almal vashou en lei na die volle gemeenskap van die heiliges.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| Ma 6 Julie | ***Cas Du Plessis ***** | B | 061 548 5156 |
| Di 7 Julie | Kon Grobler<br>Johan Maritz | B<br>B | 082 695 1390<br>082 556 1956 |
| Wo 8 Julie | Annika Kotze<br>Marietjie Venter | D<br>B | 082 398 0114<br>082 932 9206 |
| Do 9 Julie | Gerdien Kuijpers | B | 082 888 3384 |
| Sa 11 Julie | Ansie Roets | B | 072 033 9420 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 7 Julie 1979 | Cassie en Rietha Carstens | 41 | 072 453 9747<br>081 354 3400 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Daarom; so sê die Here; gaan Ek My weer oor Jerusalem ontferm; my tempel daar gaan herbou word; sê die Here die Almagtige; Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word. "Roep weer en sê : So sê die Here die Almagtige : My stede sal weer oorstroom word deur voorspoed. Ek; die Here; gaan weer genade betoon aan Sion; Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak"

Sagaria 1 : 16—17

